# MISDAAD | CRIME BULLETIN

Januarie | January 2024

## A. Sekuriteitsaktiwiteite

‘n Diefstal vanaf ’n voertuig is aangemeld. Videomateriaal is nagegaan en die verdagte voertuig en persone is geïdentifiseer. Inligting is aan die SAPD oorhandig. ‘n Paar dae later is die verdagtes deur die JSRA beamptes aangekeer, die SAPD is gekontak en die verdagtes is aan die SAPD oorhandig.
Daar was ook ‘n voorval waar verdagtes gevind is met vermoedelik gesteelde eiendom. Die verdagtes is in samewerking met verskeie sekuriteitsvennote aangekeer en aan die SAPD oorhandig.
Daar is ook ‘n verdagte/s geïdentifiseer wat betrokke was by die diefstal van ‘n fiets. Een van die verdagtes is later deur ‘n JSRA-beampte uitgeken, die speurder is gekontak en die verdagte is aan die SAPD oorhandig.

| Januarie 2024 | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Laan Area** | **Klagtes** |
| ± 129 | ± 142 | Verdagte persone (insluitend swerwers, bedelaars, smouse, ens.) |
| ± 23 | ± 9 | Verdagte voertuie |
| ± 47 | ± 11 | Oop hekke / motorhuisdeure / veiligheidsdeure / huisdeure |
| ± 36 | ± 11 | Verdagte aktiwiteite (blaf van honde, alarms, ens.) |
| ± 297 | ± 204 | Klagtes in totaal waaraan aandag gegee is. |
| Ander: Verlore/gevonde goedere, verlore honde, oop voertuie, sleutels in voertuie toegesluit, waterlekke, straatligte buite werking, mediese gevalle, brand, motorongelukke, huisbraak, diefstal gewoon, diefstal uit motor, ens. | | |

## B. Misdaadverslag

**Kontakmisdaad:**

| | |
|---|---|
| Moord / Poging tot Moord | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Huisroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Besigheidsroof | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Gewapende Roof met ’n vuurwapen | ‘n Veiligheidswag is in die Jonkershoekvallei deur twee verdagtes wat met 'n vuurwapen gewapen was, genader. Die verdagtes het vier selfone gevat en gevlug. Geen beserings nie. Die voorval het in die oggendure plaasgevind. Twee verdagtes is later die maand deur die SAPD gearresteer. |
| Gewapende Roof met ’n ander wapen as ’n vuurwapen | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Roof Gewoon | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Verkragting/Seksuele Aanranding | Daar is ‘n voorval in die Mostertsdrift-omgewing aangemeld. Die aangeleentheid is laat in Februarie onder die JSRA se aandag gebring. Die verdagte is aan die klaer van die saak bekend. Geen verdere inligting is aan die JSRA bekendgemaak nie. |
| Openbare onsedelikheid | Geen voorval is aangemeld nie. |

**Eiendomsverwante misdaad:**

| | |
|---|---|
| Huisbraak | JSRA-omgewing:<br>Huisbrake het afgeneem in vergelyking met verlede maand en toegeneem in vergelyking met verlede jaar. Een voorval is onder die JSRA se aandag gebring. Die voorval het in die Jonkershoekvallei op 'n Woensdag laat-aand/vroeg-oggend plaasgevind. Dis onbekend hoe toegang verkry is. Volgens die klaers het hulle op die stoep gesit en kuier en is items in daardie tyd gesteel. Verdagtes onbekend. |
| Diefstal van Motorvoertuig / Motorfiets | Geen voorval is aangemeld nie. |
| Diefstal uit / vanaf 'n voertuig | Die Laan-omgewing:<br>Een diefstal vanaf 'n voertuig is onder die JSRA se aandag gebring. Die verdagtes het in die oggendure 'n voertuig se wiel en 'n wiel seiltjie vanaf die voertuig gesteel. Videomateriaal is nagegaan. Die voertuig betrokke by die voorval en die verdagtes is geïdentifiseer. Inligting is aan die SAPD oorhandig. Die verdagtes is later deur die JSRA beamptes aangekeer en oorhandig aan die SAPD. |
| Diefstal Gewoon | JSRA-omgewing:<br>Diefstal gewoon het toegeneem in vergelyking met verlede jaar en maand. Daar is vyf voorvalle onder ons aandag gebring.<br>Twee voorvalle het in die Mostertsdrift-omgewing plaasgevind. In beide voorvalle is fietse gesteel. Die een voorval is onmiddellik onder ons aandag gebring. Videomateriaal is nagegaan. Die verdagtes is geïdentifiseer en een van die verdagtes is in Februarie gearresteer en aan die SAPD oorhandig.<br>Daar word weereens 'n dringende beroep op inwoners gedoen om asb voorvalle onmiddellik onder ons aandag te bring.<br>Drie voorvalle het in die Jonkershoekvallei plaasgevind. Meeste van die voorvalle het in die nag/vroeë oggendure plaasgevind. Geen spesifieke dag-tendens. By een van die voorvalle is die verdagte aan die klaer bekend.<br>Die Laan-omgewing:<br>Daar is twee diefstal gewoon-sake onder ons aandag gebring.<br>Tydens een van die voorvalle het drie verdagtes 'n winkel binnegegaan. Twee van die verdagtes het die klaer besig gehou en die derde het items geneem. Die verdagtes het daarna gevlug.<br>By die tweede voorval het die kliënt 'n selfoon in 'n uber-voertuig vergeet. By verdere navraag het die uber-bestuurder nie op die navraag gereageer nie.<br>Indien jy 'n uber-voertuig gebruik, hou rekord van al die besonderhede van die bestuurder en die voertuig. Wanneer jy uit die voertuig klim, maak seker jy neem al jou besittings. |
| Bedrog | Die Laan-omgewing:<br>Die volgende is onder ons aandag gebring. |

| | |
|---|---|
| | Verdagtes nader die toeriste en sê vir die toeriste dat hulle 'n stap-pas moet hê om in Stellenbosch te kan stap. Die verdagtes is geklee in swart sekuriteitsklere met 'n kenteken en 'n hoed waarop 'Security' staan.<br>By een voorval wat onder ons aandag gebring is, het hulle die toeriste op die hoek van Die Laan en Dorpstraat voorgekeer. Daar is vir hulle gesê dat as hulle by hul hotel wil terugkom, hulle vir die pas moet betaal. Die gaste het gedink dit is vreemd en het besluit om met 'n ander pad langs te stap. Toe het drie ander verdagte persone hulle in Van Riebeeckstraat naby Minseriestraat met dieselfde storie voorgekeer.<br>Die toeriste het weer gesê dat hulle al baie keer Stellenbosch besoek het en nog nooit moes betaal nie. Die drie verdagtes het aggressief geraak en die gaste het later geïntimideerd gevoel. Die verdagtes het identifikasie geëis en toe het die toeriste ingestem om te betaal. Hulle moes hul bankkaart in 'n kaartmasjien sit en toe het die verdagtes met die kaart gevlug. |

Die volgende sake is ook onder ons aandag gebring:

**JSRA-omgewing:**

Een aanranding gewoon-saak op 'n Saterdagoggend in die Jonkershoekvallei, wat gepaard gaan met gesinsgeweld.

Opsetlike saakbeskadiging in die Jonkershoekvallei op 'n Saterdagmiddag. Daar is gepoog om 'n battery uit 'n kas te steel. Die verdagtes is opgemerk voordat hulle die battery kon verwyder. Die verdagtes het gevlug. Die kas en bedrading is beskadig.

'n Betreding-saak het in Jonkershoekvallei op 'n Vrydag in die vroeë oggendure plaasgevind. Die verdagte is op die perseel opgemerk. Alarm is gemaak en die verdagte het gevlug. Dis onbekend wie die verdagte is.

**Die Laan-omgewing:**

Op 8 Januarie 2024 teen ongeveer 19:15 het 'n dame vanaf Piet Retiefstr gedraf, in Noordwal-Wes, rigting Die Laan. Twee kinders het agter haar aangehardloop en het kort-kort aan haar gevat. Die moontlikheid bestaan dat hulle haar selfoon uit haar sak wou steel. Sy het later die kinders aangesê om daarmee te stop en het aangehou draf. Die kinders het aangehou daarmee. Op dié stadium het dit besiger geraak met ander mense in die omgewing en was sy reeds in Die Laan. Sy het toe weer op 'n ferm wyse vir die kinders gesê om daarmee te stop. Die een kind het 'n mes uitgehaal en haar net aangestaar. Hy was toe oorkant die pad vanaf die dame gewees. Sy het verder gedraf, waarna die kinders nie verder agter haar aangehardloop het nie. Toe sy in die Mostertsdrift-omgewing kom, het sy een van JSRA se sekuriteitsvoertuie voorgekeer en hom ingelig van die voorval. Die kinders is later gevind. Die SAPD is gekontak. Die klaer wou nie op daardie stadium 'n saak open nie en die kinders is deur die SAPD laat gaan. Die kinders is ook deur die SAPD deursoek, maar geen wapen is by hulle gevind nie. Die vermoede is dat hulle dit êrens weggegooi het. Die klaer het wel 'n dag later na SAPD gegaan om 'n saak te open.

## C. Misdaad aangrensend aan die JSRA (nie JSRA-area nie)

Wees asseblief op jou hoede as jy die volgende omgewings besoek.

| | |
|---|---|
| Winkelsentrum aangrensend aan die JSRA | Geen voorval is onder ons aandag gebring nie. Wees asb. steeds bedag by alle OTM's vir OTM-bedrog/roof. |
| Botmaskop/African Valley | 'n Persoon is gevind wat vermoedelik die veld aan die brand gesteek het. Die verdagte is aan Wetstoepassing oorhandig. Wees asb. steeds bedag in die omgewing. |
| Helshoogtepad | Daar is twee voorvalle van gewapende roof op die Helshoogtepad aan ons gerapporteer. Die een voorval is deur 'n moontlike getuie aan die JSRA gerapporteer, waar die verdagtes 'n persoon se fiets geroof het. Dae na die tyd het die klaer ons gekontak mbt die voorval, waarby hy verwys is na inligting wat aan 'n speurder deurgegee is.<br>'n Tweede voorval van gewapende roof is onder ons aandag gebring, waar 'n persoon van sy foon en toerusting beroof is. Die verdagtes was met 'n vuurwapen gewapen. Niemand is beseer nie.<br>Daar is ook twee voorvalle by die Munisipale depo onder ons aandag gebring.<br>Wees asb bedag in die omgewing en moenie alleen gaan fietsry, stap of draf nie. |
| Bergpad agter Coetzenburg \ Coetzenburg-omgewing | Drie gevalle van roof is in die omgewing van Coetzenburg en die bergpad onder ons aandag gebring. Verskeie ander vorme van misdaad het ook in die Coetzenburg- omgewing plaasgevind – Diefstal van 'n voertuig, Diefstal uit voertuie, huisbrake. Wees asb bedag as jy die omgewing besoek en moenie alleen gaan draf, fietsry of stap nie.<br>Moet ook nie items in voertuie los nie, dit lok misdadigers. |
| Jan Maraispark-omgewing | Een huisbraak- en diefstal-saak is onder ons aandag gebring. |

Wees asseblief bedag as jy hierdie omgewings besoek en MOENIE ALLEEN OF IN KLEIN GROEPIES gaan stap / draf / fietsry nie, maar gaan verkieslik in groot groepe.
Wees ook bedag by alle OTM's wanneer jy geld trek.

## D. Spesiale versoek en wenke

Daar word ’n ernstige beroep op inwoners gedoen om hul alarms / straalstelsels (beams) te aktiveer wanneer hulle gaan slaap en wanneer hulle hul wonings verlaat. Moenie self ondersoek gaan instel wanneer jou alarm / straalstelsel afgaan nie, maar skakel die JSRA Beheerkamer / SAPD en indien moontlik, rapporteer dit ook onmiddellik op die Sekuriteits WhatsApp-groep. Indien jy nie op die groepe wil rapporteer nie, skakel of stuur ‘n boodskap direk aan die JSRA Beheerkamer by 062 027 1601.

(Indien jy nie op die Sekuriteitsgroep vir jou omgewing is nie, is jy welkom om by die volgende skakel te registreer – https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6)

BAIE BELANGRIK : Gee asb. ’n volledige beskrywing van ’n insident / verdagte persoon / verdagte voertuig!

***Inwoners word weereens versoek om asseblief alle sake by die SAPD aan te meld.***

***Daar word ook ‘n baie ernstige beroep op inwoners gedoen om bedag te wees by alle OTM’s. Indien enige ongerymdhede vermoed word, kanselleer onmiddellik die transaksie en indien jy nie jou kaart terugkry nie, kanselleer onmiddellik jou kaart by jou bank.***

***Wees asb ook bedag vir verdagtes wat hulle voordoen as sekuriteitsbeamptes en eis dat inwoners / toeriste dagpasse of stappasse moet uitneem om in die strate te stap. Verdagtes is geklee in swart sekuriteits uniforms en op die pet staan groot ‘sekuriteit’. Rapporteer asb verdagte aktiwiteite onmiddellik!***

**JSRA BEHEERKAMER - 062 027 1601**

Vriendelike groete
JSRA Bestuur

## A. Security Activities

A theft from a vehicle was reported. Video material was reviewed and the suspect vehicle and persons were identified. The information was handed over to the SAPS. A few days later the suspects were arrested and handed over to the SAPS.
There was also an incident where suspects were found with suspected stolen property. In collaboration with other security partners the suspects were arrested and handed over to the SAPS.
Suspects that were involved in the theft of a bicycle was identified. One of the suspects was later recognised by a JSRA official, the detective of the case was contacted and the suspect was handed over to the SAPS.

| January 2024 | | |
|---|---|---|
| **JSRA** | **Avenue Area** | **Complaints** |
| ± 129 | ± 142 | Suspicious persons (including wanderers, beggars, hawkers, etc.) |
| ± 23 | ± 9 | Suspicious vehicles |
| ± 47 | ± 11 | Open gates / garage doors / safety doors / house doors |
| ± 36 | ± 11 | Suspicious activities (barking dogs, alarms, etc.) |
| ± 297 | ± 204 | Complaints in total to which attention was given. |
| Other: lost/found goods, lost dogs, open vehicles, keys locked in vehicles, water leaks, street lights out of order, medical cases, fire, car accidents, house-breakings, common theft, theft from a car, etc. | | |

## B. Crime report

**Contact crime:**

| | |
|---|---|
| Murder / attempted murder | No incident reported. |
| House robbery | No incident reported. |
| Business robbery | No incident reported. |
| Armed robbery with a firearm | A security guard was approached by two suspects armed with a firearm in the Jonkershoek Valley. The suspects took four cell phones and fled. No injuries. The incident occurred in the morning hours. Two suspects were later in the month arrested by the SAPS. |
| Armed robbery with a weapon other than a firearm | No incident reported. |
| Common robbery | No incident reported. |
| Rape / sexual assault | An incident was reported in the Mostertsdrift area. The incident was only reported to the JSRA late February. The identity of the suspect is known to the complainant in the case. No more information was made available to the JSRA. |
| Public indecency | No incident reported. |

**Property related crime:**

| | |
|---|---|
| House-breaking | JSRA Area:<br>House-breaking decreased compared to last month and increased compared to last year. One incident was brought to the attention of the JSRA. It occurred in the Jonkershoek Valley on a Wednesday in late evening / early morning hours. It is unknown how entry was obtained. According to the complainants they relaxed on the veranda when the items were stolen. Suspects unknown. |
| Theft of motor vehicle / motor cycle | No incident reported. |
| Theft from / out of a vehicle | Die Laan area:<br>One incident of theft from a vehicle was brought to our attention. In the morning hours the suspects stole a wheel and a canvass from the vehicle. Video material was scrutinised. The vehicle involved in the theft and the suspects were identified. The information was handed over to the SAPS. Suspects were later arrested and handed over to the SAPS. |
| Theft general | JSRA Area:<br>Theft general increased compared to last month and last year. Five incidents were brought to our attention.<br>Two incidents occurred in the Mostertsdrift area. In both incidents bicycles were stolen. The one incident was immediately reported to the JSRA. Video material was reviewed. The suspects were identified and in February one of the suspects was arrested by JSRA Officers and handed over to the SAPS.<br>Residents are again urgently requested to immediately report incidents to us.<br>Three incidents occurred in the Jonkershoek Valley, in most instances in the night / early morning. There is no tendency of a specific day. In one of the instances the suspect is known to the complainant.<br>Die Laan Area:<br>Two instances of theft general were reported to us.<br>In one of the incidents three suspects entered a shop. Two of them occupied the complainant and the third suspect took the items. Then the suspects fled.<br>In the second incident a customer forgot a cell phone in an Uber. When the Uber driver was contacted again, he did not respond.<br>When making use of an Uber vehicle, make sure that you have all the particulars of the driver and the vehicle. When you leave the vehicle, make sure that you take all your belongings. |
| Fraud | Die Laan Area:<br>The following tendency was brought to our attention:<br>Suspects dressed in black security uniforms and with a a hat with 'Security' written on it approach tourists in the streets. They inform the tourists that they are |

| | |
|---|---|
| | compelled to be in possession of a walking pass if they want to walk in the Stellenbosch streets.<br>In one incident that was brought to our attention tourists were confronted on the corner of Die Laan ave and Dorp Street. They were told that if they want to return to their hotel they have to pay for the pass. The visitors found it strange and decided to choose a different route. Soon afterwards three other suspects confronted them with the same story in Van Riebeeck Street near Minserie Street.<br>The tourists again defended themselves by saying that they have often visited Stellenbosch and never heard of such a regulation. The three suspects became aggressive and the guests felt intimidated. The suspects then demanded identification form the guests and the guests agreed to pay. They had to pay by entering their card in a card machine and then the suspects fled with the card. |

The following matters were also brought to our attention:

JSRA Area:

One common assault case in the Jonkershoek Valley on a Saturday morning, link with domestic violence.

Malicious damage to property on a Saturday afternoon in the Jonkershoek Valley. The suspects attempted to steal batteries from a cupboard. The suspects were spotted before they could remove the batteries. The suspects fled. The cupboard and batteries were damaged.

A case of trespassing occurred in the Jonkershoek Valley on a Friday in the early morning hours. The suspect was observed on the premises. The alarm was activated and the suspect fled. The suspect is unknown.

Die Laan Area:

On 8 January at about 19:15 a lady started jogging from Piet Retief Street, in Noordwal West, direction Die Laan. Two youngsters followed her and every now and then touched her. It is quite likely that they intended to took her cell phone from her pocket. After a while she requested them to stop it while she continued jogging. The youngsters continued to hinder her. At the stage where she reached Die Laan ave. there were more people in the vicinity and she commanded them more sternly to stop. The one boy then took out a knife and just stared at her. He was at that stage at the opposite side of the road. She continued jogging and the youngsters stopped following her. In the Mostertsdrift area she stopped one of the JSRA vehicles and informed them about her experience. The children were later found and the SAPS were informed. The complainant at that stage preferred not to open a case and the children were allowed to go. The children were also searched for arms, but nothing was found. It is suspected that they threw the knife away when trouble loomed. A day later the complainant approached the SAPS to open a case.

## C. Crime in areas adjacent to the JSRA (not JSRA area)

Please be on the alert when you visit these areas.

| | |
|---|---|
| Shopping centre bordering the JSRA | No incident was reported. Please be on the alert for ATM fraud / robbery at all ATMs. |
| Botmaskop/African Valley | A person was identified who is suspected of setting the veld on fire. The suspect was handed over to Law Enforcement. Please be on the alert in the area. |
| Helshoogte Road | Two incidents of armed robbery on the Helshoogte Road were reported to us. One incident was reported by a probable witness, where the suspects robbed a person's bicycle. Days later the complainant contacted JSRA in connection with the incident. He was referred to the information that was provided to a detective. A second incident of armed robbery was reported to us. A person's cell phone and equipment were stolen. The suspects were armed with a firearm. No-one was injured. We were also informed of two incidents at the municipal depot. Please be on the alert and never go on your own to cycle / jog / hike in the area. |
| 'Bergpad' behind Coetzenburg / Coetzenburg area | Three incidents of robbery in the Coetzenburg area and 'bergpad' were reported to us. Several other forms of crime also occurred in the Coetzenburg area – theft of a vehicle, theft out/from vehicles, house-breakings. Please be on the alert in the area and never go on your own if you hike / jog / cycle. Also never leave objects in a vehicle, because this attracts criminals. |
| Jan Marais Park area | One house-breaking and theft case was brought to our attention. |

Please be on the alert when you visit these areas and NEVER GO ON YOUR OWN OR IN SMALL GROUPS when you hike / jog / cycle. You should preferably go in large groups.
Please be on the alert at all ATMs when you withdraw money.

## D. Special request and hints

Residents are seriously requested to activate their alarm system/beams when they go to bed and when they leave their home. Do not investigate on your own when your alarm system goes off. Rather contact the JSRA control room / SAPS and if possible, also report it immediately on the Security WhatsApp group. If you prefer not to report on the Security groups, phone or send a message directly to the JSRA Control room at 062 027 1601.

(If you are not connected to the Security WhatsApp group in your area, you are welcome to register at the following link – https://forms.gle/MPH3iba2qbxnTabD6)

VERY INPORTANT: Please give a complete description of an incident / suspect person / suspect vehicle!

***Residents are again requested to report all cases to the SAPS.***

***Residents are also seriously requested to be on the alert at all ATMs. If any incongruity is suspected, immediately cancel the transaction. If your card is not returned, immediately cancel your card at your bank.***

***Also please be on the alert for suspects who pretend to be security officers and who demand that residents / tourists carry day passes or tourist passes in order to walk in the streets. Suspects are dressed in black security uniforms and on the cap 'Security' is written. Please immediately report suspicious activities!***


***JSRA CONTROL ROOM - 062 027 1601***


Best regards
JSRA Management


# MISDAAD | CRIME BULLETIN

**Januarie | January 2024**

## JSRA - Misdaadgrafieke/ Crime Charts






Neem asb. kennis dat dit nie amptelike SAPD statistiek is nie, maar statistiek wat deur die JSRA bygehou word. (pogings ingesluit)
Please note that this is not official SAPS stats, but stats that have been compiled by the JSRA (including attempts).